

# VOORBIDDING

**VERRAS DEUR DIE TUINIER**

**WEEK 5**

***ONS BID SAAM***

*ONS BID DAT GOD IN WIE ONS AL ONS HOOP STEL,*
*ELKE DEELTJIE VAN ONS GELOOFSLEWE SAL VOL MAAK*
*MET BLYDSKAP EN VREUGDE.*
*DAN SAL ONS DEUR DIE GROOT KRAG*
*VAN DIE HEILIGE GEES IN ONS LEWENS*
*ALTYD OORVLOEDIGE HOOP EN GROEI HÊ.*

*AMEN*
*(NAV ROM 15:13)*



---

Jy word hartlik uitgenooi om saam met ons stil te word in die Here se teenwoordigheid.
In die halfuur voor die Omgeegroepe begin, is die Kapel oop vir gebed.
Kom rus ’n oomblik, luister na God se stem, bid saam vir die reeks en vir ons gemeente.
Almal is welkom.

TORINGKERK

**VORM & VOLG**

**REEKS: VERRAS DEUR DIE TUINIER**

# HOOP BLOM NA VERLIES

**1 MAART 2026 | WEEK 5 | JES. 55:8–11; JOH. 20:15–18**

## 1. KUIER

Maak lekker koffie of tee en gee elkeen die geleentheid om te sê hoe hulle week was. Gee kans dat elkeen hulle hoogtepunte, laagtepunte en ook Godstories van die week deel. Deel ook hoe jy verder gereflekteer het op laasweek se gedagte - dat God ons se snoei is om ons te help om minder blare te dra maar meer vrugte?

## 2. WORD STIL

Steek ’n kers aan. Luister saam na die lied, Naggebed, van Koos van der Merwe:

https://www.youtube.com/watch?v=nlYwnLj2Tcc

## 3. WANDEL IN DIE WOORD

Lees Jes. 55:8–11; Joh. 20:15–18 saam deur.

Gee 30 sekondes van stilte, voor 'n tweede leser die teks hardop lees.

Let op wat vir jou uitstaan wanneer hierdie teks hardop gelees word:

- ‘n Woord
- ‘n Frase
- ‘n Gedagte
- ‘n Vraag
- ‘n Onsekerheid
- Dalk neem hierdie teks jou gedagtes na iets in jou eie lewe

## 4. GESELS

- Draai nou twee-twee na mekaar en deel vir die ander een wat jy vandag gehoor het in die teks. (Gee genoeg tyd dat beide mense met mekaar kan deel)
- Draai nou terug in die groot groep. Gee geleentheid dat elkeen kortliks kan deel wat hulle by die persoon langs hulle gehoor het.

Bespreek die volgende saam in die groep:

- Vertel mekaar jul ervarings van wag. Hoe was jul belewenis in daardie tyd van wag?
- Deel met mekaar verhale oor uitkomste wat nie was soos jy voorsien het nie.
- Vertel van jou ervarings waar daar hoop geblom het na ‘n tyd van verlies.
- Enige verdere gedagtes na aanleiding van Sondag se boodskap?

## 5. DOEN

Hierdie week se simbool is ‘n blom en om te kan blom na verlies.
As jy weer in die natuur kom, kyk watter blomme jy raak sien.
Dalk kan jy mediteer en joernaal oor hierdie gedagte.

## NOTAS

## 6. GEBED

Waarvoor het jy gebed nodig vandag? Is daar dalk iets wat jy met die groep wil deel waaroor hulle vir jou kan bid? Bid vir mekaar. Sluit dan af met gebed in die groter groep. Julle is welkom om die volgende gedig te gebruik as afsluitingsgebed.

Here, U is my God.
Ek eer en prys U Naam met my hele hart.
U is groot en heilig, en daar is niemand soos U nie.
U doen wonderlike dinge wat altyd
getuig van U trou en U liefde.
Dankie dat U getrou bly deur elke seisoen van ons lewens.
Leer ons om U raak te sien in die klein én die groot wonderwerke,
en om U Naam met vreugde te verheerlik.
Amen

## GEDAGTES

